# 132

# VIDEO - DIE BOER SE WAPEN VANDAG

***Deur Prof. Attie Gerber***

*Dokumentêre Video, Skool vir Kommunikasiestudies, Noordwes-Unversiteit, Potchefstroom*

***Die onlangse gebeure by Marikana en nou ook De Doorns en elders het weer eens die belangrikheid van dokumentêre bewyse beklemtoon. Hoewel enige soort visuele bewys waardevol is, bly video die beste omdat volgehoue aksie vasgevang word.***

Dink so daaraan: daar is 25 raampies (of foto's) in een sekonde video. As die videokamera van die hoë definisie soort is (en almal is deesdae so), kan jy van elke raampie 'n afsonderlike foto laat maak.

### *ONVOORSPELBARE GEDRAG*

Dat mense onvoorspelbaar in die teenwoordigheid van 'n videokamera kan optree, is 'n gegewe. Gedurende die onluste in P.W. Botha se tyd het dit mense tot geweld aangespoor, soveel so dat die regering videokameras in 1985 in swart woonbuurte verbied het.

Neem Sirië as nog 'n voorbeeld. Die opstande daar word vandag die YouTube-oorlog genoem omdat gewone mense met selfone gebeure opneem en dit op die sosiale videonetwerk plaas. Selfs internasionale TV-netwerke soos CNN maak dikwels van hierdie soort opnames in hulle nuusprogramme gebruik.

### *TEMPER GEDRAG*

Hoewel 'n videokamera kan aanhits, kan dit ook gedrag temper en mense twee keer laat dink voordat hulle onverantwoordelike dinge doen of sê. Ek noem twee voorbeelde.

Ek het van 'n boer gehoor wat 'n besoek van 'n vakbondverteenwoordiger met 'n videokamera laat afneem het. Die verteenwoordiger het ná die tyd gekla dat die kamera hom geïntimideer het.


Ek het onlangs vir iemand die uitvoering van 'n hofbevel afgeneem. Die party teen wie die bevel toegestaan is, het hom aanvanklik verset. Ek is seker dat die alomteenwoordige videokamera uiteindelik bygedra om die man tot sy sinne te bring.

Die feit dat videogetuienis deesdae so baie in hofsake gebruik word, is 'n aanduiding dat howe dit as outentiek en geloofwaardig aanvaar. Die opname moet nietemin openlik en met die medewete van rolspelers in die video geskied.

### *INSTEMMING*

Instemming hang af van die besondere situasie. As mense jou eiendom plunder gaan jy hulle nie toestemming vra om dit af te neem nie. Die vakbondlid wat nie op jou eiendom afgeneem wil word nie, moet dan ander reëlings elders tref (waar hy/sy steeds verfilm mag word as dit 'n openbare byeenkoms is).

Openbare belang gaan waarskynlik bepaal of jy geheime video-opnames as bewysstukke in 'n hof mag gebruik. Ek het een keer vir 50/50 'n dokumentêre program oor 'n probleem in die Vredefortkoepel gemaak.




***Die regte manier om video sonder 'n driepoot te neem. (1) Hou die kamera met albei hande was. (2) Druk die elmboë styf teen die ribbes. (3) Voete moet nie te ver van mekaar wees nie, en as jy beweging volg draai jou hele bolyf (nie net die arms nie) saam met die beweging.***

Ek het 'n telefoongesprek opgeneem sonder om dit aan die ander party bekend te maak. Die party het na 'n lang relaas erken dat hy gedoen het waarvan almal hom verdink het.

50/50 se regsverteenwoordigers het besluit dat die bekentenis op lug uitgesaai kon word omdat die openbare belang dit regverdig het.

Selfs al aanvaar 'n hof nie geheime opnames as bewysstukke nie, die wêreld sal nietemin weet wat die ware toedrag van sake is.

***VDEOVERVAARDIGERS***

Ek het al vele bewysvideo's gesien wat mense met hulle selfone en kommersiële kameras geneem het. Ongelukkig het baie soveel gebreke dat hulle nie veel gaan bydra om 'n bewyslas te verlig nie.

As jy beheer het oor die situasie (wie, wat, wanneer en hoe), is dit miskien beter om 'n maatskappy te huur wat spesialiseer in die verfilming van gebeure en funksies.

As jou blote teenwoordigheid gemoedere mag versteur, is 'n onafhanklike videomaatskappy die antwoord.


***BASIESE VIDEOGRAFIE***

Goeie videografie is nie so moeilik nie, selfs nie vir 'n amateur nie. As jy self videograaf wil wees, is daar nietemin 'n paar eenvoudige dinge waarop jy moet let.

Skaf vir jou 'n videokamera aan, verkieslik 'n hoë definisie een. 'n Selfoon of 'n mobiele rekenaar met 'n videofunksie werk goed in noodsituasies, maar klank en die vermoë om skootgroottes vinnig te verander bly 'n groot probleem. Dit geld ook vir gewone kameras wat as 'n ekstra ook video kan opneem. Goeie pasgemaakte videokameras word al hoe meer bekostigbaar.

Lees heel eerste jou kamera se instruksiehandleiding. Hoewel die meeste kameras eintlik maar die mik-en-druk soort is (skakel aan en neem af), is dit altyd goed om die vermoëns van jou toerusting te ken, en dit te kan benut. Kyk veral na hoe jy funksies met die kamera se spyspkaart (menu) kan verander.

*Wind is gewoonlik die grootste oorsaak van swak klank as 'n mens buite opneem. 'n Stuk sintetiese pels oor die kamera se mikrofoon is een manier om windruis te verminder.*




Sorg dat jou kamera se klokinstelling reg is, met ander woorde die datum en tyd. Meeste kameras kan die datum en tyd van opname visueel op elke skoot wys, of dit kan op 'n rekenaar vasgestel word as die videomateriaal afgelaai word.

Die geleerde woord hiervoor is metadata. Sulke data verhoog die bewyswaarde van die video.

***KLANK***

Gee besondere aandag aan hoe jy klank opneem. Sonder om te tegnies hieroor te raak, is 'n kort verduideliking nodig om probleme te voorkom.

Kommersiële kameras se ingeboude mikrofoon vang omni-direksioneel op, met ander woorde alle klank rondom die kamera.

Dit mag wonderlik klink, maar as die mikrofoon (dus die kamera) te ver van die klankbron is, of as dit in 'n groot ruimte met baie reflekterende oppervlaktes (soos 'n staalskuur) gebruik word, kan die opgeneemde klank onhoorbaar swak wees.

*Te ver* beteken nie meer as twee tot drie meter nie. Hoe verder die mikrofoon van 'n spreker is, hoe sagter en holler (amper soos eggo) gaan die klank klink.

Wind veroorsaak die grootste probleme met klank wat buite opgeneem word. As jy tussen binne en buite kan kies, kies binne.

As jy buite moet opneem en die wind waai, probeer om die mikrofoon met 'n strook losserige watte of enige donserige materiaal (sintetiese pels) te bedek. Hierdie windskerm gaan nie die probleem heeltemal uitskakel nie, maar jy sal waarskynlik goed genoeg belangrike klanke kan hoor.

***VIDEO***

Die verskil tussen goeie en slegte video word grotendeels bepaal hoe stil die kamera gehou word. Niemand is lus om lank na 'n video te kyk wat jou seesiek maak nie.

As jy nie 'n driepoot gebruik nie, hou die kamera vas met albei hande en druk jou elmboë teen jou ribbes.

As jy beweging moet volg, draai met jou hele bolyf. Maak seker jy gebruik die stabiliseringsfunksie van die kamera (meeste kameras het dit).

Raak so min as moontlik aan die zoem-knoppie. Hou liewer jou komposisie wyd en beweeg nader as jy 'n nabyskoot wil hê (as dit nie ongemaklik of gevaarlik is nie).

'n Wyeskoot neutraliseer steurende kamerabewegings, maar as 'n nabyskoot noodsaaklik is (soos aksie wat vêr gebeur, of jy moet detail afneem) zoem dan in en maak nog meer seker dat jy en jou kamera stabiel is.

Hoe nader die skoot, hoe erger word die kamerabeweging. Stut jouself teen 'n paal of 'n plat oppervlakte.

Vermy die versoeking om knaend in en uit te zoem. In meeste gevalle sal 'n wyeskoot genoeg bruikbare detail wys.

Onthou, hoe meer stabiel jou videowerk, hoe hoër gaan die kwaliteit wees as jy van enkelraampies foto's wil maak.

Laastens, moenie vir een oomblik jou kamera onbewaak los nie. Dit mag vanselfsprekend wees, maar ek weet van gevalle waar kameras sonder toesig gesteel, vernietig of die opnamemateriaal verwyder is.




*Meeste videokameras het 'n funksie om die datum en tyd saam met die beeld op te neem. Kyk na die gebruikershandleiding en soek dit onder die spyskaartopsies.*

***LAASTE OORKNOPERS***

Professionele videograwe vergeet ook soms dinge wat eintlik vanselfsprekend behoort te wees, byvoorbeeld of die battery gelaai is, en of die opnamemateriaal genoeg is. Belê in ekstra batterye en maak seker dit is altyd vol gelaai.

Die goedkoopste item van enige videoproduksie is gewoonlik opnamemateriaal, hetsy bandjies of geheuekaarte. Maak seker dat die kaarte leeg en nuut geformateer is (moenie net ou materiaal uitvee – delete – nie).

As jou kamera geheuekaarte gebruik, laai dit onmiddellik op jou rekenaar af en maak 'n paar data-DVD's daarvan. Afhangende van hoe belangrik die materiaal is, bêre die DVD's of enige ander argiefmedia op verskillende plekke. Sorg dat jy te alle tye verskeie kopieë van die oorsponklike videomateriaal het

As jou kamera bandjies gebruik, aktiveer die veiligheidsmeganisme wat keer dat daar weer met die bandjie opgeneem kan word. Dit is gewoonlik 'n skuiwertjie aan die agterste sykant van die bandjie.

***'N KLEIN WêRELD***

Die gebruik van video om gebeure te dokumenteer kan vir meer as net litigasie gebruik word. Dit kan jou saak stel, of die wêreld die onbesonne optrede van ander wys.

Televisie strek vandag veel wyer as die ou uitsaaikanale. Dit is sosiale netwerke soos YouTube en Facebook wat deesdae die pas aangee.

Dink maar net aan die reaksie en geweld wat die Youtube-video The Innocence of Muslims wêreldwyd ontlok het.

Dalk is dit hoog tyd dat slagoffers van plunderary en politieke opportunisme terugslaan op 'n geweldlose manier wat baie seermaak: wys die wêreld in grafiese detail wat hulle aanvang.